OGGENDSIMPOSIUM

Aangebied deur die Geskiedeniskommissie van die
SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

TEMA:

"Kommunisme in Suid-Afrika: Verlede, Verloop, Vandag, 1921-2021"

Virtuele simposium, Vrydag 29 Januarie 2021

09:00 tot 12:30

P R O G R A M

"Kommunisme in Suid-Afrika: Verlede, Verloop, Vandag, 1921-2021"

09:00 – 09:15	**VERWELKOMING en AANLYN SIMPOSIUMREËLINGS** Prof. Anne-Marie Beukes, hoof- uitvoerende beampte, SA Akademie
SESSIE 1	**Voorsitter: Prof. Fransjohan Pretorius**, voorsitter van die SA Akademie se Geskiedeniskommissie
09:15 – 09:35	Prof. Wessel Visser, Dept. Geskiedenis, US: "Die aanloop tot en stigting van die Kommunistiese Party van Suid-Afrika, Julie 1921".
09:35 – 09:55	Prof. Irina Filatova, National Research University, Higher School of Economics, Moskou: "The CPSA/SACP and Soviet Russia".
09:55 – 10:15	Prof. Dirk Kotzé, Dept. Politieke Wetenskap, Unisa: "Die SAKP en die ANC – aanpassing van filosofieë en strategieë".
10:15 – 10:35	Gesprek en vrae/ conversation and questions

10:35 – 11:00	**VERPOSING/ BREAK**

SESSIE 2	**Voorsitter: Prof. Alex Mouton,** lid van die Geskiedeniskommissie
11:00 – 11:20	Ruhan Fourie, Internasionale Studies Groep, UV: "Die Afrikaanse kerke en anti-kommunisme in Suid-Afrika in die 20ste eeu".
11:20 – 11:40	Prof. Andries Bezuidenhout, Dept. Ontwikkelingstudies, Univ. Fort Hare: "Die SAKP en swart vakbonde".
11:40 – 12:00	Dr. Leopold Scholtz, Buitengewone Hoogleraar, Fokusgroep Sosiale Transformasie, NWU: Die SAKP se voetspoor tot vandag, nasionaal en internasionaal".
12:00 – 12:20	Gesprek en vrae/ conversation and questions
12:20 – 12:30	**Samevatting, bedankings en afsluiting van simposium**: Prof. Fransjohan Pretorius

Die sprekers/ .....

Die sprekers

Wessel Visser is medeprofessor in Suid-Afrikaanse geskiedenis, onder andere arbeidsgeskiedenis, in die Departement Geskiedenis, Universiteit van Stellenbosch en ondervoorsitter van die Geskiedeniskommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die titel van sy PhD-studie (US, 2001) was "Die geskiedenis en rol van persorgane in die politieke en ekonomiese mobilisasie van die georganiseerde arbeiderbeweging in Suid-Afrika, 1908-1924". Hy het verskeie plaaslike en internasionale referate oor hierdie onderwerp gelewer, asook 'n aantal hoofstukke in boeke en artikels in nasionale en internasionale geakkrediteerde tydskrifte oor Suid-Afrikaanse arbeidsgeskiedenis gepubliseer, waaronder die *International Review of Social History.* In 2016 het sy boek, *A History of the South African Mine Workers' Union, 1902-2014* (The Edwin Mellen Press, Lewiston, New York) verskyn.

Irina Filatova is Professor Emeritus of the University of KwaZulu-Natal in South Africa and Professor of National Research University Higher School of Economics in Moscow. She received her degrees at Lomonosov Moscow State University in Russia and worked there from 1973 to 1992, finishing her tenure as Professor and Head of the African Studies Department. In 1992–2002 she was Professor and Head of the Department of History at the University of Durban-Westville in South Africa (now the University of KwaZulu–Natal), and in 2000-2002, Director of the School of Social Sciences of that University.

Filatova specialises in African history, the history of ties between Russia and South Africa, the history of communist movement in South Africa, and the problems of race and ethnicity. She has authored dozens of articles, edited publications (among which a two volume *The Communist International and South Africa: a documentary history*,* co-edited, is the most important) and six books on these subjects (*A History of Kenya*; *The Green Hills of Africa: Kenya's Colonial Peasantry*; *The Russians and the Anglo-Boer War*;* *Russia and South Africa: three centuries of contacts*; *Russia and South Africa: building bridges*; and *The Hidden Thread: Russia and South Africa in the Soviet Era.** (the last four co-authored with Apollon Davidson). In 2014 Media24 awarded *The Hidden Thread* the Recht Malan Prize for the best non-fiction book of the year.

Prof. Dirk Kotzé is sedert die begin van 1988 'n dosent by Unisa in die Departement Politieke Wetenskappe. Hy is 'n Raadslid van die South African Association of Political Studies en was 'n lid van die Uitvoerende Komitee van die International Political Science Association en ook een van sy Visepresidente. Hy het aan die Universiteite van Stellenbosch, Pretoria en Wits in Politieke Wetenskap studeer. Sy belangrikste spesialiteitsrigtings is Suid-Afrikaanse politiek en politieke konflikresolusie. Dit sluit spesifieke fokuspunte soos onderhandelings, oorgangsperiodes en demokratiseringsprosesse, verkiesings, die kwaliteit van demokrasie, politieke spotprente, internasionale verhoudings, grondhervorming en politieke partye in. Op internasionale vlak het hy lesings gegee en studeer by die Northwestern University in Chicago, by Uppsala Universiteit in Swede en by die Middle Eastern Technical University in Ankara, Turkye.

	Ruhan Fourie is tans 'n PhD-student in Geskiedenis verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat se Internasionale Studies Groep. Sy huidige studie ondersoek die NG Kerk se rol in die skep en handhawing van die Rooi Gevaar in die twintigste eeu. In 2015 voltooi hy sy voorgraadse BA-studie aan die Nelson Mandela Universiteit, waarna hy sy nagraadse studie in Geskiedenis aan die Universiteit Stellenbosch (2018) voltooi. Sy MA-studie oor die vroeë lewe van Beyers Naudé is met lof geslaag, en in 2020 ontvang Ruhan die Protea Boekhuisprys vir die beste verhandeling in Geskiedenis in Afrikaans vir hierdie werk.
	Andries Bezuidenhout is 'n akademikus, beeldende kunstenaar, digter en sanger. Hy het grade van die universiteite van die Witwatersrand (sy doktorsgraad in sosiologie), Pretoria (politieke wetenskap en bedryfsosiologie) en Stellenbosch (in kreatiewe skryfkunde). Tans is hy professor in Ontwikkelingstudies aan die Universiteit van Fort Hare. Sy boek, as Edward Webster en Rob Lambert se mede-outeur, *Grounding Globalization: Labour in the Age of Insecurity* (2008, Blackwells), is in 2009 deur die Amerikaanse Sosiologievereniging as boek van die jaar in arbeidstudies aangewys. Sy mees onlangse boek is *Labour Beyond Cosatu: Mapping the Rupture in South Africa's Labour Landscape* (2017, Wits University Press), waarvan hy en Malehoko Tshoaedi mederedakteurs is. As digter het hy twee bundels gepubliseer, naamlik *Retoer* (2007, Protea Boekhuis) en *Veelvuldige gebruike vir huishoudelike toestelle* (2014, Protea Boekhuis).
	**Leopold Scholtz** is in 1948 gebore en woon tans saam met sy Nederlandse vrou in Delft, Nederland. Hy het op Stellenbosch, die destydse RAU en in Leiden studeer, waar hy in 1978 'n doktorsgraad in Geskiedenis behaal het. Hy was dekades lank joernalis en politieke kommentator by *Die Burger* voordat hy in 2008 na Europa verhuis het. Hy is die skrywer van duisende koerantartikels, asook meer as 50 ewekniebeoordeelde akademiese artikels en agt boeke (oor die politiek, die Anglo-Boereoorlog en die Grensoorlog). Hy doen tans navorsing vir 'n boek oor die rol van die ANC/SAKP voor 1990.